

22 Augustus - OORDEEL

Skrifgedeelte: Joël 3:1-3; 12-21 (OAV)

Fokusgedeelte: Joël 3:12, 20, 21 (OAV)

God se oordeelsdag is 'n verskrikking vir hulle wat hardnekkig God se liefde in Christus verwerp. Dan sal die heidene byeengeroep word om hulle regverdige oordeel te ontvang. In die dal van Josafat, beeld van die plek van God se gerig, sal God, die regverdige Regter, sy finale oordeel fel oor almal wat sy liefde in Christus verwerp het. Dit sal 'n verskriklike dag wees van God se finale gerig! Kyk, sy oordeelsdag kom, gewis en seker.

Dan gaan dit nie maar net oor die sonde nie. Daarvoor is daar vergiffenis in Christus. Dit gaan oor die lastering van die Heilige Gees. Gedurig het die Heilige Gees deur die verkondiging van die evangelie geroep: "Bekeer julle. Laat julle gered word deur die Verlosser wat God gestuur het."

Maar nee, die sondige mens met sy kliphart verwerp dit. Hy wil sy eie saligheid uitwerk. Hy offer sy lewe, sy kragte en sy tyd op vir 'n beter lewe, 'n aangener lewe, maar gaan van die een lugspieëling na die ander sonder om waarlik sy dors te les. Hulle dink en leef soos die grote Babilon wat sê: *"Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie"* (Openb 18:7). Teen die enigste en ware Verlosser maak hulle tot die einde oorlog soos die heidennasies rondom Israel gedoen het, en soos die Joodse volk Hom gekruisig het.

Dan daal God se finale regverdige oordeel uiteindelik neer. Dan is daar geen genade meer nie, maar net die geroep: *"Berge, val op ons! Heuwels, bedek ons, want die groot dag van God se gerig het gekom!"*

Maar Juda, God se verlose volk, sal vir ewig bly. Groot is God se genade aan sy uitverkorenes. Hy sal by sy volk woon, gewas deur die bloed van Christus, geheilig deur sy Gees. Die nuwe Jerusalem daal van die hemel af neer, waar geen sonde of gevolg van die sonde sal wees nie. Die voltooide koninkryk van God daal neer, waar alleen die vrede van God tot in ewigheid woon en waar Christus as Koning heers.

Laat die gejuig van God se volk dan opgaan:

"Tot roem en prys van Gods genade,

Die grond van ons behoudenis.

Sing ons nou van sy reddingsdade

In Hom wat die geliefde is ..."

Sing: Skrifberymng 1-1:3, 4

Ds AJ Coetsee (Emeritus)